

11 Desember

Skrifgedeelte: Lukas 22:7-23  
Fokusgedeelte: NGB, Art 35

### Die nagmaal – voeding van ons geestelike lewe

Só groot is Jesus se liefde vir ons, en só belangrik is dit vir Hom om ons sondeskuld te betaal, dat Hy “baie uitsien” na die Paasete waartydens Hy die nagmaal sou instel wat sy dood gedenk (vers 15). Jesus SIEN VOORUIT presies waar en hoe die maaltyd sal plaasvind. Die dissipels kry alles net soos Hy gesê het (vers 13).

Jesus SIEN ook VOORUIT wat sy lyding gaan wees waarvan die nagmaal getuig. Jesus weet dat as Hy die kos uitdeel, deel Hy Homself uit. As die kors van die brood onder sy hande breek, sien Hy die géselhoue wat sy rug kloof en die spykers wat deur sy hande en voete gaan. In die donker beker met wyn sien Hy die bloed wat uit sy wonde loop, die lewe wat uit Hom vloei. So deel Jesus in die brood en wyn sy plaasvervangende lyding as geskenke aan die dissipels en aan ons uit (vers 19): “Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis.”

Maar Jesus sien ook meer as sy lyding. Hy SIEN die wonderlike vrug daarvan VOORUIT. Hy sien God se kinders in ’n nuwe verbondsverhouding met die Vader lewe (vers 20). Hy sien die koninkryk van God wat in sy volheid blom en Hy sien die vreugde by die bruilof van die Lam (vers 18). “Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur” (Heb 12:2). Voed jou vandag weer met die kennis dat Jesus Christus alles vooruit weet en vervul. Die nagmaal is ’n sekere waarborg: Ook jý sal al hierdie vreugdes kry, net soos Jesus gesê het!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*